TB Joshua - Beeld van 2 Mei 2001

‘n Ontleding van die T.B. Joshua-fenomeen laat 'n mens met die indruk dat alles nie pluis is nie en dat 'n jammernag voorlê vir die Afrikaanse kerke wie se lidmate so na Lagos stroom, waarsku prof. Tom Gouws

Gruwelike misleiding

Daar is 'n ander kant aan die fenomeen T.B. Joshua wat groot onrus by gelowiges moet veroorsaak.

Maar omdat ons so graag 'n alternatief begeer vir die doodloopstraat van ons geestelike lewe, wil ons nie krities voorkom, of Bybels puntenerig, of wat ook al wees nie. Vir desperate goedgelowiges kan enigiets verkwansel word.

Meer as ooit is dit wat in Hosea 4:6 (die ou vertaling) staan wáár vir die eietydse kerk: ``My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis . . ."

Omdat die geestesgawe van onderskeiding bykans nie meer in die kerk beoefen word nie, omdat ware geestelike leierskap en outoriteit grootliks ontbreek, omdat daar nie gehandel word met die vals fondamente van ons geestelike lewe nie, word die kinders van God gruwelik mislei.

Die implikasies is verreikend. Spr. 14:12 spel dit só uit: ``Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."

Daarom word alle gelowiges eksplisiet gemaan in 1 Joh. 4:1: ``Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan."

In vers 6 word onderskei tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.

Dit is nie altyd maklik om dié onderskeidingsvermoë te hê nie omdat die leuen so reg verpak word, so mooi lyk.

Ook omdat die gees van die dwaling oor geweldige kreatiewe mag beskik waarmee wonderwerke en die gawes van die Heilige Gees nageboots word.

In 2 Thess. 2:9-10 word gewaarsku dat Satan as engel van die lig ``met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding" 'n aanslag sal maak.

Christene is so goedgelowig dat ons summier aanvaar dat wonderwerke, selfs in die Naam van Jesus, van God kom. Die Skrif sê juis dat vals wonderwerke die wyse sal wees waardeur mense mislei word.

Byvoorbeeld: ``Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel" (Op. 16:14).

Daar is heelwat dinge in die bediening van T.B. Joshua wat getuig van 'n ander gees as die Heilige Gees wat werksaam is. Wat hier volg is nie 'n veroordeling van 'n persoon nie, want God alleen kan dit doen, maar 'n toets van die geeste, wat die taak van elke gelowige is.

Die ruimte ontbreek om in besonderhede op alles in te gaan, maar die volgende fundamentele probleme kan uitgewys word. Die meeste van die voorbeelde is gedokumenteer, hoewel enkele voorbeelde deur mondelinge gesprekke gestaaf is.

In 'n TV-onderhoud het Joshua gesê hy het sy gawe by geboorte ontvang. Die gawes van die Gees van God (vgl. o.a. 1 Kor. 12 en 14) word nie by geboorte aan enigeen gegee nie. In die nuwe verbond moet jy eers wedergebore word, en selfs dán sal gawes (soos gesondmaking) deur die Gees gegee word ``soos Hy wil".

In 'n koerantonderhoud het Joshua die stelling gemaak: ``I was sent to earth to save the world." Daar is geen ander persoon waardeur ons gered kan word as Jesus Christus nie (Hand. 4:12).

Joshua se aanspraak: ``The divine person in me can do a million things simultaneously. I can appear to thousands of people in their dreams in any part of the world to set them free of their sicknesses, problems and afflictions," skep die indruk dat hy 'n Christus is.

Buiten sy naam, wat 'n vertaling is van die woord ``Jesus", word Joshua deur almal by The Synagogue as Immanuel (``God met ons") aangespreek. Op die eerste amptelike video deur The Synagogue word die lied Emmanuel, our God is with us aanhoudend gesing terwyl die kamera fokus op die genesings. Die indruk van 'n Christusgelykstelling word eksplisiet geskep.

Op van die skilderye in The Synagogue waar Christus uitgebeeld word, is die gesig van Joshua duidelik herkenbaar.

Toe 'n demoon onlangs uit 'n vrou gedryf is, het Joshua die demoon gevra: ``And who am I?" Die demoon het gereageer: ``You are Jesus, the Christ." Joshua het gelag en ander naby geroep en gesê: ``Hear what this demon says."

Joshua se agtergrond, bekering en wedergeboorte, geloofsoortuiging ensovoorts kan nie geverifieer word nie, al was daar eksplisiete (internasionale) versoeke daarvoor.

Daar is bewerings dat hy 'n akoliet is van die okkultiese Nigeriese geestelike ``Leader Olumba Olumba Obu, the Sole Spiritual Head of the Universe". Dié man, wat beweer hy is die ge¨nkarneerde Heilige Gees, het 'n wêreldwye bediening wat 'n vermenging is van die Christelike geloof, animistiese godsdienste (voorvaderaanbidding), Hindoe¨sme (veral re¨nkarnasie) en Islam.

Hy is op geen wyse ingeskakel in die Nigeriese netwerk van Christelike kerke nie en word nie deur ander Christelike geloofsgemeenskappe erken nie.

Die Nigeriese leiers van die invloedryke Intercessors for Africa (of The Africa House of Prayer) en The Redeemed Christian Church of God in Nigeria, hou vol dat hy nie wedergebore is nie, 'n waarsêer is en okkultiese magte gebruik.

Die praktyk van Joshua om een keer per maand 'n groot tenk water te seën en dit só te verander in die bloed van Jesus, is een van die ernstigste dwalinge.

Transsubstansiasie, wat kom uit die Rooms-Katolieke tradisie, beweer dat nadat die priester sy rites uitgevoer het, die brood die werklike liggaam van Christus word en die wyn sy werklike bloed. Joshua neem dit verder deur water tot die bloed van Jesus te verklaar.

Dié holy waters word opgeslurp, mense vertrap mekaar om daarin te duik, hulle daarmee te bespat. Met die gebruik daarvan manifesteer demone. Die meeste gaste uit Suid-Afrika word bevrore sakkies heilige ``bloed'' gegee om deurentyd te suig.

Nêrens in die Woord van God word egter van heilige water as 'n rituele hulpmiddel gepraat nie. Die kinders van God het in Christus 'n troon van genade waarna ons met vrymoedigheid kan gaan om, soos Heb. 4:16 sê, barmhartigheid en genade te vind om op die regte tyd gehelp te word.

Daarbenewens is dit onmoontlik om water in die bloed van Christus te verander. Dat Christene dit so gelate aanvaar en aktief daaraan meedoen, toon duidelik dat daar 'n geestelike verblinding is sodra jy jou gees vir dié soort misleidende geeste oopstel.

Duidelik het die water hier 'n belangrike bonatuurlike krag. Dikwels word pelgrims gevra om hul poedelkaal uit te trek en dan te reinig met louwarm gesalfde water.

Ander stellings, soos dat Joshua 'n vegetariër is omdat hy ook sy bevrydingsbediening vir mense beoefen wat ``half vis en half mens'' is, behoort die kerk te kwel.

Veelseggend ook is die profeet se prayer mountain oor 'n moeras gebou. In die Afrikakultuur werk tradisionele sangomas met water om genesings te doen deur kragte van watergeeste te gebruik.

In die sogenaamde white garment churches (soos The Synagogue ook geklassifiseer kan word) is dié soort wondergenesings nie ongewoon nie. Daar word oor die water gebid, dit word met demoniese watergeeste besmet, en dié okkultiese krag word gebruik vir wonderwerke.

Maar duidelik met 'n prys. Geestelike outoriteit en krag word verkry deur bepaalde voorwaardes na te kom en offers te bring.

Joshua beheer deur hand- en voetgebare die mense om hom se bewegings. As hy sy hand beweeg, beweeg die persoon in dié rigting. As hy sy hand in die rondte draai, draai die persoon ook al vinniger, totdat hy op die vloer val.

Onbybels is dié praktyke beslis. Dit stem eerder ooreen met okkultiese black magic-towerkunste as met die gawes van die Heilige Gees. Genesing, volgens die Woord, moet gepaardgaan met handoplegging deur die ouderlinge of 'n persoon wat die genadegawe van genesing het.

Demone word nie uitgedryf deur geestelike afstandsbeheer nie.

Oral in The Synagogue is daar aanhalings uit die Bybel, maar ook uit die Koran. Op so 'n plakkaat (sien grafika) word die onrusbarende stelling openlik gemaak: ``There is no deity (God) except Allah."

Is daar ook 'n sinkretisme, 'n vermenging van gelowe en bygelowe hier deurmekaar geklits, al is die packaging Jesus?

'n Mens wil vra: van watter Jesus praat ons hier, want duidelik word daar ander betekenisse geheg aan tradisionele benamings. Wie is die Vader, die Heilige Gees en Jesus in dié vervangingsteologie?

Daar is veel meer vrae. Wat my die meeste kwel, is die opvolgrapport van baie mense wat die afgelope jaar of wat gegaan het en oor wie gebid is, wat onheilige water gesuig het en oor wie geproklameer is dat hulle genees is.

By baie het daar geen genesing plaasgevind nie.

Ander het 'n duur prys betaal: voortdurende ongelukke, ander siektes en kwale, vreemde gedrag, depressie, gewoontesondes waaroor vroeër oorwinning verkry is wat skielik terugkeer; 'n gees van rebellie en onleerbaarheid.

En miskien die gevaarlikste: die onvermoë om te bid en die stem van God te hoor.

Die jammerste is dat die ware krag van die God wat steeds red, genees en bevry, in die oë van die wêreld belaglik gemaak is; dat die ware herlewing hierdeur teëgehou word.

Boonop het die hele Joshua-debakel uitgewys dat weinig geestelike leiers die geesrealm kan onderskei.

En iemand moet die vraag vra: Hoeveel kerkleiers loop rond met dieselfde gees wat Joshua deur handoplegging aan hulle oorgedra het?

Hoeveel lidmate is deur handoplegging hierdeur besmet?

Die kerk gaan 'n duur prys betaal vir dié verblinding van verleidende geeste. Inderdaad is dit soos Jes. 8:22 sê: ``Daar sal benoudheid en duisternis wees.

``In jammernag en donkerheid is hulle gedrywe."

Miskien was Wium Basson een van die gelukkiges.

Is `profeet' TB Joshua 'n nuwe Messias in 'n heilige land?

– Tom Gouws –

T.B. Joshua het bykans oornag 'n huishoudelike naam in die volksmond geword.

Gelowiges én ongelowiges praat oor dié ``profeet" met die bonatuurlike gawe om genesing af te bid. Bykans elke Afrikaanse koerant dra voorbladartikels oor die wonderwerke van die geloofsgeneser van Lagos.

Vir die afgelope twee jaar stroom dikwels terminaal siek Suid-Afrikaners by die duisende na Nigerië in die hoop dat die man van God vir hulle sal bid en dat hulle genees sal word.

Die waarnemers wat die wonders van God wil aanskou, word daagliks meer; georganiseerde toere na Nigerië word deur dominees gereël soos na 'n heilige land; pastore neem hul hele kerkraad vir 'n tydperk van diep geestelike verkwikking en bekende rugbyspelers vir wie Joshua gebid het, reis die land deur om te getuig van hul geloof dat hulle genees is.

Voorlopers in die kerklike wêreld, oor die breë spektrum van bykans al die kerke, word dissipels en apologete van die wonderwerker.

Die kerkleiers het skielik 'n rolmodel in Joshua gekry. Hulle begeer die geestelike krag wat fisiek deur Joshua gedemonstreer word en proklameer dit as die heerlikheid van die Here.

Stelselmatig word sy manier van doen in hul kerke nagevolg: party bou dammetjies en baddens gevul met heilige water waaroor Joshua gebid het. Hulle verklaar kreupeles loop as hulle in dié bad van Betésda klim.

Ander loop rond met stukkies rooi lap waaroor die profeet twee keer gebid het: doubly anointed. Dié word op siekes gelê, oor ongelowiges gewuif; demone manifesteer en wyk as die rooi lap soos 'n amulet gewaai word.

'n Geestelike leier in 'n Vrystaatse dorp het Joshua gevra om sy gesalfde hande te fotostateer.

Duisende fotokopieë daarvan word gemaak, versprei en gebruik om heling rondom enige denkbare behoefte te verlig.

En daar is duiselingwekkende getuienis oor genesings en bevrydings. Naas amptelike video's van The Synagogue, Church of All Nations Joshua se kerk in Nigerië het baie pelgrimgangers videomateriaal oor wat hulle met hul eie oë gesien het.

Kanker van elke denkbare en ondenkbare soort word genees. Mense wat nie kan loop nie, staan op uit hul rystoele. Kinderlose vroue word bevry van hul onvrugbaarheid en kom wys hul babas.

Daar is 'n lang ry gewese vigspasiënte wat sertifikate van dokters toon dat hulle genees is.

Hartdefekte, hakkelry, verslawing, verlamming, bindinge, blindheid . . .

Met die skielike beweging van sy hand of voet laat Joshua mense soos osse neerslaan terwyl die demone hulle rukkend verlaat. Toordokters en hekse word in die massa onderskei en vir dae lank kruisbeen gebind om te luister na bevrydingsboodskappe.

Deur dit alles bly die senior prophet op die oog af skaam en nederig; hy gee die eer aan God en sê hy is nie die geneesheer nie hy kén bloot die Geneesheer.

Hy vra nie openlik om geld soos dit dikwels die geval is met geloofsgenesers nie. Inteendeel, hy gee dikwels vir die pelgrimsgangers huisvesting en etes, selfs soms vliegtuigkaartjies terug na hul afgeleë bestemmings.

Alles lyk so reg.

'n Mens kan amper sê die wêreld het 'n nuwe Messias ontdek. Een wat oënskynlik die krag het om die koninkryk van God met wonders en tekens te laat kom.

Dis te verstane dat die mense instroom van smôrens voor die son op is om 'n plekkie te kry. Dikwels verlaat hulle eers die gebou in die nanag. Deurgaans word hul bevrore sakkies water aangebied waaroor Joshua gebid het. Hulle kyk op monitors na die voyeuristiese kameragetuienis van vorige dramatiese genesings.

En wag om deel te word van die genade wat hierdie besondere man toebedeel is.

Ander wag egter sonder om gehelp te word.

Die rugbyspeler Wium Basson het vir langer as 'n week gewag dat die profeet oor hom moes bid en dat hy van sy skielike lewerkanker genees kon word. Die profeet het al om Wium gesirkel, maar hom verbygegaan.

Hy het later gesê hy hoor nie van die Here nie en kan daarom nie spesifiek vir Wium bid nie. Suid-Afrikaners het asem opgehou en saam begin vra dat die profeet tog by die Here móét hoor.

Toe die toergroep onder leiding van ds. Jannie Pelser (en 'n televisienetwerkspan van Special Assignment) moes terugkom ná bykans 'n week in Lagos het Joshua gesê Wium moes nog bly. Daar is steeds nie vir hom gebid nie. Hy is huis toe gestuur en het ná 'n paar dae gesterf.

Ek het 'n diep, diep droefheid in my gees ervaar. Nie net omdat so 'n jong man so vroeg gesterf het nie, maar omdat die geloof teleurgestel het. Omdat dit hierdie keer nie gewerk het nie.

Maar ook veel meer as dit.

Omdat ek verstaan hoekom juis die Afrikaner na Lagos stroom op soek na Goddelike krag en demonstrasie. Want in ons kerke, en gewone lewe, ontbreek die gemanifesteerde krag van God so dikwels. Daar is 'n desperaatheid te sien in die stroom van gelowiges en ongelowiges, pastore en predikante 'n desperaatheid en honger.

Joshua bied vir honger gelowiges 'n geleentheid om soos Job te kan sê: ``Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien."

Maar, helaas, het dit 'n prys wat kinders van die Here nie altyd verreken nie.